ONGEOUDITEERDE VERKORTE GEKONSOLIDEERDE RESULTATE EN KONTANTDIVIDENDVERKLARING

vir die ses maande geëindig 31 Desember 2011

Inkomste	↑	16.2%
Wesensverdienste	↑	19.4%
Dividend per aandeel	↑	21.2%

2012

VOORBEREI ONDER DIE TOESIG VAN DIE GROEP FINANSIËLE DIREKTEUR, RONEL VAN DIJK GR(SA)

HANDELSOORSIG

Spur Corporation se inkomste het tydens die afgelope ses maande toegeneem met 16.2% tot R236.2 miljoen, hoofsaaklik gedryf deur sterk Kersfees handel, verbeterde handelsmerklojaliteit van klante en waarde- toevoegende promosie-veldtogte oor die drie konsessie-handelsmerke.

Spur Steak Ranches se restaurantomset het met 13.3% toegeneem. Bydraende faktore tot die toename sluit die "Spur Family Card" lojaliteitsprogram in, waarvan lidmaatskap meer as verdubbel het gedurende die afgelope ses maande tot 720 000 kaarthouers. Daarbenewens het die handelsmerk verder sy markaandeel in die hoogs mededingende ontbytmark met die "Spur Unreal Breakfast" veldtog verbeter. Hierdie veldtog is minder as 'n jaar gelede geloods en die veldtog het ontbythandel verhoog tot 8% van die totale verkope in Spur.

Strategies het Spur sy teenwoordigheid in die tiener en jong volwassene mark versterk deur die borgskap van die "Varsity-Cup" rugby kompetisie, die twee-vir-een Maandagaand burger promosieveldtog en die gebruik van kontemporêre sosiale media soos Facebook en Twitter.

Panarottis Pizza Pasta se restaurantomset het met 13.2% toegeneem en het voordeel getrek uit die handelsmerk se groter fokus op waarde-aanbiedinge gedurende die week, asook aanbiedinge vir die gesin. John Dory's Fish & Grill se restaurantomset het met 15.1% toegeneem, toeskryfbaar aan verbeterde operasionele standaarde, 'n meer aantreklik sushi-aanbod en klant gefokusde promosieveldtogte.

Inflasionêre druk, soos stygende voedselpryse en verhoogde elektrisiteits- en waterkoste is 'n werklikheid wat beide die verbruiker en die restaurant bedryf in die gesig staar. Deur 'n kombinasie van strategiese voedsel-promosies en omsigtige spyskaart-prystoenames, was bestuur in staat om besteding per kop en voetval te verhoog.

Die groep het sy restaurantbasis vergroot tot 371 eenhede. Die Suid-Afrikaanse restaurantbasis is uitgebrei met die opening van agt nuwe Spur-restaurante, een Panarottis-restaurant en een John Dory's-restaurant. 'n Verdere 18 restaurante is opgeknap en drie is na beter handelsomgewings verskuif.

Hoewel handelstoestande steeds uitdagend is in die internasionale markte waarin die groep werksaam is, het groei in omset 'n bemoedigende verbetering getoon. Internasionaal is twee Spur- en twee Panarottis-restaurante in Mauritius geopen wat die groep se teenwoordigheid op die eiland tot ses restaurante uitgebrei het. 'n Nuwe Spur-restaurant het in Lilongwe, Malawi geopen. Hierdie restaurante is almal konsessie-restaurante.

'n Opsomming van die groep se restaurantbasis soos op 31 Desember 2011 is soos volg:

Konsessie-handelsmerk	Suid-Afrika	Internasionaal	Totaal
Spur Steak Ranches	252	33	285
Panarottis Pizza Pasta	52	7	59
John Dory's Fish & Grill	27	–	27
Totaal	**331**	**40**	**371**

FINANSIËLE PRESTASIE

Konsessiefooi-inkomste in Spur het toegeneem met 12.4% tot R78.9 miljoen, Panarottis met 6.9% tot R6.4 miljoen en John Dory's met 10.2% tot R5.5 miljoen. Korporatiewe dienste en ander inkomste het met 29.8% gegroei tot R12.6 miljoen.

Internasionale inkomste, bestaande uit konsessie-inkomste en restaurantomset, het toegeneem met 25.1% tot R71.9 miljoen. Die opening van vyf nuwe restaurante gedurende die tydperk het tot die toename bygedra.

Vervaardigings- en distrubusie-inkomste het met 10.9% toegeneem tot R60.9 miljoen. Die groep gaan voort om te fokus op verbeterde doeltreffendheid as gevolg van die konsolidasie van die vervaardigingsaktiwiteite in 'n fasiliteit in Kaapstad verlede jaar.

Wins voor inkomstebelasting vir die ses maande het toegeneem met 21.3% tot R88.4 miljoen. Die internasionale segment het positief bygedra tot bedryfswins.

Wesensverdienste het met 19.4% toegeneem tot R58.2 miljoen, met verwaterde wesensverdienste per aandeel wat toegeneem het met 20.2% tot 66.5 sent per aandeel. Hierdie prestasie is in lyn met die verdienste-leiding in die groep se handelsverklaring wat op 15 Februarie 2012 op SENS uitgereik is.

'n Tussentydse kontant dividend van 40.0 sent per aandeel is verklaar, wat 21.2% hoër is as die vorige jaar.

VOORUITSIGTE

Kort voor die einde van die tydperk onder oorsig, het die groep die aankoop van die DoRego's-kitskosrestaurant-konsessiebesigheid en verspreidingsentrum aangekondig. Die effektiewe datum van die transaksie is 1 Maart 2012. DoRego's is 'n waarde-kitskosketting wat hoender, vis en hamburgers deur 75 konsessie-winkels aanbied. DoRego's sal die groep blootstelling gee aan die vinnig groeiende laer tot middel-inkomste-segment van die kitskos- restaurantmark. Bestuur verwag 'n probleemvrye integrasie van DeRego's en beplan om te kapitaliseer op die plaaslike handelsmerk bewustheid om die huidige voetspoor nasionaal uit te brei.

Na die verkryging van die oorblywende 35% aandeelhouding in John Dory's in Januarie 2012, word die handelsmerk nou in geheel besit deur die groep en is dit nou gereed vir groei onder die nuwe bestuurspan.

Ses Spur-, drie Panarottis- en vyf John Dory's-restaurante word beplan om oopgemaak te word gedurende die tweede helfte van die jaar met 'n verdere 38 restaurante wat opgeknap gaan word oor die drie handelsmerke.

Internasionale uitbreiding sal fokus op Afrika, met Spur- konsessie-restaurante beplan vir Nigerië (Lagos), Zambië (Lusaka), Kenia (Nairobi) en Botswana (Gaborone), terwyl die eerste Panarottis- konsessie-restaurant oopgemaak sal word in Gaborone.

KONTANTDIVIDEND

Ooreenkomstig 'n algemene magtiging verleen aan die direkteure by die algemene jaarvergadering gehou op 2 Desember 2011, word aandeelhouers in kennis gestel dat die raad van direkteure van die maatskappy 'n tussentydse kontantdividend van R39.1 miljoen vir die ses maande geëindig 31 Desember 2011 goedgekeur en verklaar het, wat gelykstaande is aan 40.0 sent per aandeel.

Die kontantdividend sal betaal word op Maandag, 26 Maart 2012, aan die aandeelhouers van die maatskappy wat op Vrydag, 23 Maart 2012 ("die rekorddatum"), in die maatskappyregister aangeteken is.

Die laaste dag waarop die maatskappy se aandele cum die dividend verhandel mag word met die doel om op die dividend geregtig te wees sal Donderdag, 15 Maart 2012, wees. Die aandele sal op Vrydag, 16 Maart 2012, ex die dividend begin verhandel.

Aandelesertifikate mag nie tussen Vrydag, 16 Maart 2012, en Vrydag, 23 Maart 2012, beide dae ingesluit, gedematerialiseer of rematerialiseer word nie.

Vir en namens die direksie
A Ambor (Uitvoerende Voorsitter)
P van Tonder (Besturende Direkteur)

Kaapstad
29 Februarie 2012

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE

R'000	Ongeouditeerd ses maande geëindig 31/12/11	Ongeouditeerd ses maande geëindig 31/12/10	% Verandering	Geouditeerd jaar geëindig 30/06/11
Inkomste	**236 206**	**203 302**	**16.2**	**403 396**
Bedryfswins voor finansieringsinkomste	**85 130**	70 654	20.5	111 969
Netto finansieringsinkomste	**3 319**	2 287		4 861
Wins voor inkomstebelasting	**88 449**	72 941	21.3	116 830
Inkomstebelastinguitgawe	**(29 846)**	(24 473)		(48 742)
Wins vir die tydperk	**58 603**	**48 468**	**20.9**	**68 088**
Ander omvattende inkomste/(verliese):	**4 355**	(6 226)		860
Wisselkoersverskille op die omskakeling van buitelandse bedrywighede	**(467)**	(7 472)		2 406
Wisselkoerswins/(-verlies) op netto beleggings in buitelandse bedrywighede	**6 472**	1 672		(2 075)
Belasting op wisselkoers (wins)/-verlies op netto beleggings in buitelandse bedrywighede	**(1 650)**	(426)		529
Totale omvattende inkomste vir die tydperk	**62 958**	**42 242**		**68 948**
Wins/(verliese) toeskryfbaar aan:				
Eienaars van die maatskappy	**58 199**	48 748	19.4	70 789
Nie-beherende belang	**404**	(280)		(2 701)
Wins vir die tydperk	**58 603**	**48 468**	**20.9**	**68 088**
Totale omvattende inkomste/(verliese) toeskryfbaar aan:				
Eienaars van die maatskappy	**63 077**	42 501		71 648
Nie-beherende belang	**(119)**	(259)		(2 700)
Totale omvattende inkomste vir die tydperk	**62 958**	**42 242**		**68 948**
Verdienste per aandeel (sent)				
Basiese verdienste	**66.73**	55.48	20.3	80.65
Verwaterde verdienste	**66.49**	55.29	20.3	80.37

REKONSILIASIE VAN WESENSVERDIENSTE

Wins toeskryfbaar aan gewone aandeelhouers	**58 199**	**48 748**	**19.4**	**70 789**
Wesensverdienste-aanpassings:				
Waardedalings op eiendom, aanleg en toerusting	**–**	–		11 169
Waardedaling van klandisiewaarde	**–**	–		4 948
Wins met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting (netto van belasting)	**(21)**	(9)		(1 147)
Wesensverdienste	**58 178**	**48 739**	**19.4**	**85 759**

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE

R'000	Ongeouditeerd op 31/12/11	Ongeouditeerd op 31/12/10	Geouditeerd op 30/06/11
BATES			
Nie-bedryfsbates	**373 187**	**378 118**	**371 486**
Eiendom, aanleg en toerusting	**72 286**	73 559	70 387
Ontasbare bates en klandisiewaarde	**282 765**	285 769	281 477
Beleggings en lenings	**5 881**	6 238	5 857
Uitgestelde belasting	**10 336**	10 586	11 967
Bedryfshuurregte	**1 919**	1 804	1 798
Ander finansiële bates	**–**	162	–
Bedryfsbates	**226 997**	**181 873**	**184 477**
Voorraad	**9 933**	4 915	5 621
Belasting ontvangbaar	**5 201**	3 640	4 410
Handels- en ander debiteure	**79 742**	68 273	58 480
Bates geklassifiseer as gehou vir verkoop	**–**	15 012	–
Kontant en kontantekwivalente	**132 121**	90 033	115 966
TOTALE BATES	**600 184**	**559 991**	**555 963**
EKWITEIT			
Totale ekwiteit	**442 414**	**420 606**	**408 236**
Gewone aandelekapitaal	**1**	1	1
Aandelepremie	**6**	6	6
Aandele teruggekoop deur filiaalmaatskappye	**(38 941)**	(29 910)	(38 941)
Buitelandse valuta-omskakelingsreserwe	**608**	(11 376)	(4 270)
Behoue verdienste	**479 926**	458 161	450 507
Totale ekwiteit toeskryfbaar aan ekwiteitshouers van houermaatskappy	**441 600**	416 882	407 303
Nie-beherende belang	**814**	3 724	933
AANSPREEKLIKHEDE			
Nie-bedryfslaste	**71 991**	**67 541**	**73 090**
Langtermynlenings betaalbaar	**503**	4 754	2 923
Werknemersvoordele	**1 766**	91	555
Ander finansiële laste	**350**	–	2 627
Bedryfshuurverpligting	**7 699**	5 077	6 531
Uitgestelde belasting	**61 673**	57 619	60 454
Bedryfslaste	**85 779**	**71 844**	**74 637**
Oortrokke bankrekening	**7 093**	3 997	2 256
Belasting betaalbaar	**7 143**	7 291	6 622
Handels- en ander krediteure	**46 683**	42 106	46 874
Lenings betaalbaar	**24 108**	17 969	18 273
Andeelhouers vir dividend	**752**	481	612
TOTALE EKWITEIT EN AANSPREEKLIKHEDE	**600 184**	**559 991**	**555 963**

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN KONTANTVLOEI

R'000	Ongeouditeerd ses maande geëindig 31/12/11	Ongeouditeerd ses maande geëindig 31/12/10	Geouditeerd jaar geëindig 30/06/11
Bedryfswins voor bedryfskapitaalveranderinge	**89 363**	74 416	144 655
Bedryfskapitaalveranderinge	**(20 192)**	(11 606)	2 631
Kontant deur bedrywighede voortgebring	**69 171**	62 810	147 286
Netto rente ontvang	**3 319**	2 287	4 861
Belasting betaal	**(28 172)**	(19 292)	(41 149)
Uitkerings betaal	**(28 640)**	(24 935)	(54 785)
Netto kontantvloei van bedryfsaktiwiteite	**15 678**	**20 870**	**56 213**
Kontantvloei van beleggingsaktiwiteite	**(1 738)**	(17 939)	(23 567)
Kontantvloei van finansieringsaktiwiteite	**(2 709)**	2 010	48
Netto beweging in kontant en kontantekwivalente	**11 231**	**4 941**	**32 694**
Effek van wisselkoersveranderinge	**87**	63	(16)
Netto kontant en kontantekwivalente aan die begin van die tydperk	**113 710**	81 032	81 032
Netto kontant en kontantekwivalente aan die einde van die tydperk	**125 028**	**86 036**	**113 710**

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN VERANDERING IN EKWITEIT

R'000	Gewone aandelekapitaal en-premie (netto van tesourie-aandele)	Ander reserwes	Behoue verdienste en nie-beherende belang	Totaal
Saldo op 1 Julie 2010	**(29 903)**	**(5 129)**	**438 327**	**403 295**
Totale omvattende inkomste vir die jaar	**–**	859	68 089	68 948
Wins vir die jaar	**–**	**–**	68 088	68 088
Ander omvattende verliese	**–**	859	1	860
Transaksies met eienaars, direk aangeteken in ekwiteit				
Bydraes deur en uitkerings aan eienaars	(9 031)	**–**	(54 997)	(64 028)
Uitkerings aan ekwiteitshouers	**–**	**–**	(54 298)	(54 298)
Uitwerking van aansporingskema (insluitende belasting)	**–**	**–**	(699)	(699)
Koop van eie aandele	(9 031)	**–**	**–**	(9 031)
Verandering van belang in eienaarskap van filiaalmaatskappye wat nie in verlies in beheer tot gevolg het nie	**–**	**–**	21	21
Verkryging van minderheidsbelang in filiaalmaatskappy	**–**	**–**	21	21
Totale transaksies met eienaars	**(9 031)**	**–**	**(54 976)**	**(64 007)**
Saldo op 1 Julie 2011	**(38 934)**	**(4 270)**	**451 440**	**408 236**
Totale omvattende inkomste vir die tydperk	**–**	**4 878**	**58 080**	**62 958**
Wins vir die tydperk	**–**	**–**	**58 603**	**58 603**
Ander omvattende inkomste	**–**	**4 878**	**(523)**	**4 355**
Transaksies met eienaars, direk aangeteken in ekwiteit				
Bydraes van en uitkerings aan eienaars	**–**	**–**	**(28 780)**	**(28 780)**
Uitkerings aan aan ekwiteitshouers	**–**	**–**	**(28 780)**	**(28 780)**
Saldo op 31 Desember 2011	**(38 934)**	**608**	**480 740**	**442 414**

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE BEDRYFSEGMENTVERSLAG

R'000	Ongeouditeerd ses maande geëindig 31/12/11	Ongeouditeerd ses maande geëindig 31/12/10	Geouditeerd jaar geëindig 30/06/11
Eksterne inkomste			
Vervaardiging en distribusie	**60 886**	54 889	109 043
Konsessie - Spur	**78 916**	70 239	137 004
Konsessie - Panarottis	**6 370**	5 959	11 526
Konsessie- John Dory's	**5 490**	4 984	9 782
Ander Suid-Afrika	**12 538**	9 709	19 710
Totale Suid-Afrikaanse segmente	**164 200**	145 780	287 065
Ongeallokeerd - Suid-Afrika	**60**	-	39
Totaal Suid-Afrika	**164 260**	**145 780**	**287 104**
Verenigde Koninkryk	**40 608**	33 510	65 936
Australië	**27 057**	20 234	43 464
Ander Internasionaal	**4 281**	3 778	6 892
Totale Internasionale segmente	**71 946**	**57 522**	**116 292**
TOTALE EKSTERNE INKOMSTE	**236 206**	**203 302**	**403 396**
Wins/(verlies) voor inkomstebelasting			
Vervaardiging en distribusie	**28 419**	24 018	49 633
Konsessie - Spur	**69 927**	60 941	118 712
Konsessie - Panarottis	**3 778**	3 728	6 837
Konsessie - John Dory's	**2 832**	2 309	4 543
Ander Suid-Afrika	**401**	168	(896)
Totale Suid-Afrikaanse segmente	**105 357**	91 164	178 829
Ongeallokeerd - Suid-Afrika	**(20 607)**	(15 456)	(34 022)
Totaal Suid-Afrika	**84 750**	**75 708**	**144 807**
Verenigde Koninkryk	**43**	(4 066)	(27 688)
Australië	**1 060**	(600)	(1 279)
Ander Internasionaal	**3 036**	3 120	5 226
Totale Internasionale segmente	**4 139**	(1 546)	(23 741)
Ongeallokeerd - Internasionaal	**(440)**	(1 221)	(4 236)
Totaal Internasionaal	**3 699**	**(2 767)**	**(27 977)**
TOTALE WINS VOOR INKOMSTEBELASTING	**88 449**	**72 941**	**116 830**

BYKOMENDE INLIGTING

R'000	Ongeouditeerd ses maande geëindig 31/12/11	Ongeouditeerd ses maande geëindig 31/12/10	% Verandering	Geouditeerd jaar geëindig 30/06/11
Uitgereikte aandele (000'e) (aantekening 2)	**87 214**	87 865		87 214
Geweegde gemiddelde aantal uitgereikte aandele (000'e)	**87 214**	87 865		87 777
Verwaterde geweegde gemiddelde aantal uitgereikte aandele (000'e)	**87 529**	88 166		88 084
Wesensverdienste per aandeel (sent)	**66.71**	55.47	20.3	97.70
Verwaterde wesensverdienste per aandeel (sent)	**66.47**	55.28	20.2	97.36
Netto batewaarde per aandeel (sent)	**507.27**	478.70	6.0	468.09
Dividend per aandeel (sent)	**40.0**	33.0	21.2	66.0

AANTEKENINGE

1. Die ongeouditeerde tussentydse verkorte gekonsolideerde resultate vir die ses maande geëindig 31 Desember 2011 is opgestel in ooreenstemming met die aanbiedings- en openbaarmakingsvereistes van die Suid-Afrikaanse Maatskappywet (No. 71 van 2008, soos gewysig), en IAS 34 Tussentydse Finansiële Verslagdoening, deur gebruik te maak van die groep se rekeningkundige beleid, wat in ooreenstemming is met die erkennings- en metingsbeginsels van die Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde (IFVS) en die AC 500 Standaarde soos uitgereik deur die Rekeningkundige Praktykeraad of sy opvolger en is konsekwent toegepas op vorige tydperke.
2. Aandele uitgereik min aandele teruggekoop deur beide 'n volfiliaalmaatskappy en aandeleaansporingstrust.
3. Na afloop van die verslagdoeningsdatum het die groep die DoRego's-kitskosrestaurant-konsessiebesigheid- en verspreidingsentrum as 'n lopende saak gekoop. Die effektiewe datum van die transaksie is 1 Maart 2012. Die koopsom bestaan uit 'n kontantbetaling van R25 miljoen op die effektiewe datum en 'n verdere betaling van tot R5 miljoen op 1 Maart 2013, afhangende van ooreengekome finansiële prestasiemaatstawwe en die waarde van die verspreidingsentrum se voorraad op die effektiewe datum, betaalbaar op 31 Maart 2012.

   Na afloop van die verslagdoeningsdatum en effektief 25 Januarie 2012, het die groep die 35% aandeelhouding in John Dory's Franchise (Edms) Bpk gekoop vanaf 'n minderheidsaandeelhouer (soos op die datum van verslagdoening) vir R12.25 miljoen kontant.

Direkteure

Uitvoerende Voorsitter: A Ambor
Besturende Direkteur : P van Tonder
Uitvoerend: M Farrelly, P Joffe, K Robertson, R van Dijk
Nie-uitvoerend: K Getz, D Hyde, M Kuzwayo, K Madders MBE (Brits), M Morojele
Maatskappysekretaris: R van Dijk

Spur Corporation Beperk (Registrasienommer 1998/000828/06)

Aandele-kode: SUR
ISIN: ZAE000022653

Geregistreerde Kantoor: Waterford Mews 1, Century Blvd, Century City, 7441
Oordragsekretaris: Computershare Investor Services (Edms) Bpk, Marshallstraat 70, Johannesburg, 2001
Borg: Sasfin Capital ('n Afdeling van Sasfin Bank Bpk)

Ons Handelsmerke

www.spurcorporation.co.za

Spur Steak Ranches – A taste for life
Panarottis Pizza Pasta – Big on Family. Big on Pizza.
John Dory's Fish Grill Sushi

19402S - INTERIM 12_10_12 A